



Byvoeglike naamwoorde



FLIPPIE BL.37



'n Byvoeglike naamwoord

vertel vir ons meer

van die selfstandige naamwoord

Kan jy nog onthou wat is 'n
selfstandige naamwoord?

Dit is iets waaraan ek
kan vat OF sien.



Kom ons skryf byvoeglike naamwoorde by die selfstandige naamwoorde

ronde bal

helder verf

interessante boek

klein rugsak

swart hoed

duur potlode

lang liniaal

kleurvolle kryte

pragtige dogter


slim seun


groot aardbol

LEES DIE SINNE EN ONDERSTREEP EERS DIE
SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

1. Die mooi dogter skryf met haar lang potlood in haar nuwe werkboek.
2. Pappa gooi vir my klein boetie die groot rugbybal.
3. Ek hou daarvan om met my kleurvolle verf en my klein kwas, pragtige prente te teken.
4. Ek lees 'n oulike storie oor 'n nare wolf wat die pienk varkies wou vang.
5. My vriendelike juffrou vra dat ek die vuil rommel op die groot speelgrond moet optel.
6. My liefdevolle ouma brei vir my 'n snoesige trui en 'n warm serp.
7. Die oulike tannie bak heerlike koekies en maak soet tee vir die honger kinders.

SOEK NOU DIE BYVOEGLIKE
NAAMWOORDE IN ELKE SIN.



A decorative border surrounds the text, featuring various sports and art-related items. On the left, there is a soccer ball, a basketball, and a football. On the right, there are several colored pencils, a paint palette with a brush, and a football. At the bottom, there are some abstract shapes and a small logo in the bottom right corner.

SOEK DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

1. Die **mooi** dogter skryf met haar **lang** potlood in haar **nuwe** werkboek.
2. Pappa gooi vir my **klein** boetie die **groot** rugbybal.
3. Ek hou daarvan om met my **kleurvolle** verf en my **klein** kwas, **pragtige** prente te teken.
4. Ek lees 'n **oulike** storie oor 'n **nare** wolf wat die **pienk** varkies wou vang.
5. My **vriendelike** juffrou vra dat ek die **vuil** rommel op die **groot** speelgrond moet optel.
6. My **liefdevolle** ouma brei vir my 'n **snoesige** trui en 'n **warm** serp.
7. Die **oulike** tannie bak **heerlike** koekies en maak **soet** tee vir die **honger** kinders.

Ek is so trots op jou!

KYK HOEVEEL BYVOEGLIKE NAAMWOORDE JY VIR
ELKE PRENTJIE KAN SKRYF.

